IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I 2.27 VOL 325 Pg. 18584 - 18609

SAAKNOMMER: CC 482/85 PRETORIA

1987-11-27

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

325

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

ISMAIL AYOB & PARTNERS
COPY
FOR YOUR INFORMATION

VOLUME 325

(Bladsye 18 584 - 18 609)

JUDGMENT ON APPLICATION FOR BAIL

(Sent for revision)

MAHASE ALBERT MOKATE, v.o.e. Deur tolk)

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Mokate, ek wil dit aan u stel dat met u kennis van Sebokeng, dat daar was 'n baie kort roete om by die poskantoor uit te kom as die een wat julle gevolg het op 3 September 1984? -- Nee, daar was geen.

En ek wil dit aan u stel dat julle, volgens die roete wat uitgewys is wat julle geloop het, om gebied 12 beweeg het? En toe by sy boonste verste punt het julle eers weer in gebied 12 ingekom? -- Ons het om geloop as gevolg van ons besluit dat ons daardie pad gaan volg, soos hy deur my uitgewys is. Dit het ons destyds daar gesien as die beste pad.

En ek wil dit aan u stel dat die indruk wat 'n mens kry is dat die roete wat jy en die vorige getuie hier by die hof kom uitwys het, was juis om by die hof die indruk te skep dat julle nie deur die woongebiede gegaan het nie, maar ook 'n deel deur die veld? -- Dit is reg. Ons het om daardie gebied geloop buite tot ons heel bo gekom het waar ons dan weer dan in gebied 12 ingedraai het in die nabyheid van die teerpad.

Hoekom het julle daar in gebied 12 by die bopunt ingekom? Hoekom het julle nie sommer reguit teerpad toe gegaan as julle so haastig was om by daardie teerpad uit te kom nie? -- Ek het alreeds vir die hof gesê dit is die kortste pad wat ons gesien het toe ons vanaf Small Farms vertrek het.

Weet u waar is die Administrasiegeboue in gebied 12? -- Ja, ek weet.

En waar julle daar geloop het is nie vreeslik baie ver vanaf die Administrasiegebou nie, daar waar julle aan die bokant verbygegaan het van gebied 12? -- Omrede ons vanaf

die/...

die rigting van Small Farms gestap het, is die geboue ver vanaf die roete wat ons gevolg het.

Jy sê dit is ver? -- Ja, aangesien ons deur Small
K1060 Farms geloop het, is dit ver omdat dit nou heel agter was.

En waar julle in gebied 12 ingekom het, van daar is dit nie baie ver nie. Is dit reg? -- Nie so ver nie.

Hoe laat het julle by die poskantoor uitgekom? -- Ek skat dit ongeveer 10h30. As dit nie 10h30 is nie, is dit voor 11h00 maar na 10h30.

Want ek wil dit aan jou stel dat daardie oggend 10h00 het daar by die Administrasiekantore in gebied 12 geboue gebrand?

HOF : Wat is die verwysing?

MNR. JACOBS : Volume 69 twee bladsye 3 657 en 3 662. -- Nee, ek weet nie daarvan nie. Ek het dit nie gesien nie.

ŉ Ander aspek wat jy meld is dat jy plaas die ouderdom van daardie opmars se mense tussen dertig en vyftig. Is dit reg? -- Dit is so.

In die eerste instansie, die mense wat die plakkate gedra het, was hulle nie jonger as 30 nie? -- Dit was die ouderdom net vanaf 30 na onder toe.

Na onder toe? Wat bedoel jy met na onder toe? Laat ek net duidelikheid kry? -- Nee, ek verstaan eintlik nie die vraag so mooi nie.

HOF : Ja, maar wat bedoel u, wat het u gedink is die vraag? -- Ek het die vraag verstaan, die mense se ouderdomme wat in die optog was, was dit net mense bo die ouderdom van 30 of was daar van die mense wat jonger as 30 was. Dit is wat ek verstaan het die vraag was.

MNR. JACOBS : Die vraag was gewees, die mense wat die

plakkate/...

plakkate gedra het, was hulle nie jonger as 30 gewees nie? -- Ek sal nie kan sê nie, maar dit wat ek kan sê volgens skatting sal ek sê is omtrent 30 jaar oud.

Jy sien, ons het die getuienis hier gehad dat die plakkate was gegee vir mense van 18 tot 20 jaar? -- Ek betwis nie daardie soort van getuienis nie. Ek getuig hier oor wat ek gesien het wat ek sê was die ouderdom.

Ek wil dit aan jou stel dat daar was mense onder die ouderdom van 30 tot by die ouderdom van 18 en selfs jonger in daardie optog?

HOF : Is u vraag in die optog of dié wat die plakkate gedra het?

MNR. JACOBS : In die optog? -- Nie die plakkaatdraers nie. Praat u van die mense nou wat deel gehad het aan die optog self?

Ja, die optog self? -- Ek het geen kommentaar daarop nie. Ek kan dit nie betwis nie.

Voor aan hierdie optog, het jy ŉ banier daar gesien?

HOF : Weet u wat ŉ banier is? -- Nee. Kan dit aan my verduidelik word?

MNR. JACOBS : Goed, ek sal dit aan jou so beskryf. Dit is ŉ voorwerp, ŉ lap wat gemaak is met twee stokke aan die kant waar dit gedra word en oor die breedte van daardie lap is geskryf? -- Nee, ek het dit nie opgelet nie.

Toe die polisie die opmars versper het daarso, hoe was dit versper gewees met die hippo's? -- Die polisie het die polisievoertuie, die hippo's, en die groot trokke dwars in die pad geparkeer gehad.

En die polisiebeamptes self, het jy hulle gesien? -- Ja, na die gebruik van die vuurwapens, terwyl die optog uiteen

gejaag/...

gejaag word, het ek die polisie self gesien.

Waar was hulle toe? -- Die meeste van die mense het gevlug in gebied 13 in, insluitende myself. So, die polisie het die mense agterna gesit in die rigting wat die mense gevlug het. Dit was op daardie stadium dat ek die polisie self gesien het.

En voor die skietery, het jy gesien of polisie stellings ingeneem het voor die hippo's? Om duidelik te wees, tussen die hippo's en die voorpunt van die mars? -- Nee.

Toe jy nou die hippo's voor gesien het dwars oor die pad staan, was die voorpunt van die mars baie naby aan daardie hippo's gewees? -- Ek skat ongeveer die distansie tussen die hippo's en die voorpunt van die optog as tussen 50 en 60 meter.

En is dit jou getuienis dan dat hierdie opmars het nooit tot stilstand gekom nie en hoewel die polisie voor staan het hulle nog aangeloop polisie toe? -- Nee, dit is nie my antwoord nie.

Wat is jou antwoord? -- Die vraag wat aan my gestel was, was wat het die optog gedoen toe hulle die polisie daar gewaar het. Ek het daarop ʼn antwoord gegee.

<u>HOF</u> : Ek het nie mooi duidelikheid nie. Ek het die indruk gekry dat u hoofgetuienis gehandel het met wat by u gebeur toe u die polisie gewaar. Nou is die vraag wat gebeur by die voorpunt toe u die polisie gewaar? -- Ek sê dat die optog in ʼn stilstaande posisie was net voor die gebruik van die vuurwapens, wat dan veroorsaak het dat die optog uiteen gegaan het.

<u>MNR. JACOBS</u> : So, jou getuienis vandag is dat die optog het dan tot stilstand gekom? -- Dit is, as ek reg onthou,

wat/...

wat ek gister getuig het.

Maar wat is jou antwoord nou op my vraag? Stem jy dan saam die optog het tot stilstand gekom? -- Ja, ek stem saam.

Toe die optog tot stilstand gekom het, het daardie mense van die optog wegbeweeg na die polisie toe om met die polisie te gaan praat? -- Na die gesingery tot ʼn einde gekom het, toe dit nou stil was, was daar ʼn aankondiging gemaak deur ʼn spreker wat gesê het dat daar mense uitgestuur gaan word wat dan met die polisie sal gaan praat. Net na die persoon dit gesê het, nie lank daarna nie, het ek toe die geluid van vuurwapens wat klap gehoor. Ek weet nou nie of die mense by die polisie was om met hulle te praat of nie.

HOF : Die antwoord is u weet nie? -- Ek weet nie of daar mense uitgegaan het nie.

MNR. JACOBS : En is dit ook korrek dat jy was ver van die voorpunt van hierdie opmars af? En is dit dan korrek dat jy sou ook nie kon gehoor het as die polisie gesê het die mense moet uitmekaar uitgaan daar nie? -- Dit is die waarheid, ja.

En jy sê jy is vertroud met daardie gebiede daar. Weet jy waar die burgemeester Mahlatsi se huis is? -- Ek weet nie.

Het u daar naby Hunters se Garage aan julle linkerkant soos julle beweeg het in daardie pad na Houtkop toe, enige rook gesien in die omgewing van Hunters se Garage agter Hunters Garage, ander kant Hunters Garage?

HOF : Anderkant of duskant soos wat jy gekyk het maar meer na links? -- Op watter stadium praat u nou van? Is dit in die tyd wat die gewere daar geklap het of op watter stadium is dit?

MNR. JACOBS : Tot voor die gewere geklap het? -- Nee, ek het nie rook gesien nie.

Weet u waar is die winkels en biersaal in gebied 11?

HOF : Het u ŉ bewysplek?

MNR. JACOBS : Ek het Mahlatsi se huis is aan die brand gesteek die oggend 07h30. Dit is volume 60 bladsy 3 120 tot 3 en dan is daar nog ŉ ander getuie ook, dit is volume 48 bladsy 2 419 tot 20.

HOF : Ekskuus, ek het u onderbreek. Wil u die vraag herhaal?

MNR. JACOBS : Weet u waar die winkels en die biersaal in gebied 11 is? -- Ja, ek weet.

Is dit ver van daardie pad af wat julle geloop het nadat jy by die mars aangesluit het? -- Dit is ver.

HOF : Kan ek u net iets vra. Is dit waar die Administrasieraadskantore is? -- Nee, die kantore is in gebied 12.

Nee, daar is ook Administrasieraadskantore in gebied 11? -- Nee, dan is ek nie daarvan bewus nie. Ek het dit nog nie opgelet nie.

Die winkels en die biersaal, dit ken u? -- Ek weet waar dit is.

Die Administrasieraadskantore is daar naby. -- Ek weet nie. Dalk is daardie kantore daar gebou na ek alreeds daar was. Die laaste wat ek daar was, was toe die winkels en die biersaal alleen daar gestaan het.

MNR. JACOBS : Jy het vir die hof gesê toe die opmars uitmekaar gejaag is, het jy daar in gebied 13 ingehardloop en daarna is jy terug toe dit veilig geword het. -- Dit is die waarheid.

Toe jy gebied 13 verlaat het, deur watter gebied het jy toe beweeg toe jy terug beweeg het na jou huis toe in

gebied/...

gebied 7? -- Ek het so 'n kort entjie deur gebied 11 geloop waarvandaan ek nou weer in gebied 12 ingegaan het, deur gebied 12 om by 'n oop stuk veld uit te kom en voortgegaan in die koers van my woning.

Hoekom het jy nie reg deur - stem jy saam as 'n mens van daar waar die mars uitmekaar gejaag is, waar jy geskuil het, reg deur gebied 11 gegaan het na gebied 7 toe, sou dit die heel kortste roete gewees het? -- Nee, ek stem nie volkome saam nie.

Wat sou die kortste roete gewees het, sê jy? -- Ek was nie meer op soek na die kortste pad op daardie stadium nie. Al wat ek na gesoek het, was die stillerige pad wat ek kon gebruik het.

HOF : Antwoord net die vraag? -- Ek sê in antwoord toe ek gebruik gemaak het van daardie pad op pad terug huis toe, het ek nie gekyk na 'n kortpad wat my huis toe kan bring nie. Al waaraan ek gedink het was my veiligheid.

Die vraag is, wat is die kortste roete? As u hom wil antwoord, antwoord hom. As u nie wil antwoord nie, sê net vir my u wil hom nie antwoord nie. -- Die kortste pad sou gewees het dat 'n mens met daardie hoofpad afgegaan het en weer uitgekom het waar ons by hierdie pad aangesluit het.

U bedoel nou die teerpad tot - die teerpad in die rigting van die depot? -- Ja.

Tot waar? -- Tot by gebied 12 uitbreiding waar ek dan hierdie teerpad sou gelos het en deur die oop stuk veld gaan om by Small Farms uit te kom en dan by my huis.

Ek het nou nie duidelikheid nie. Sou u in die rigting van die depot geloop het tot by of verby die Anglikaanse Kerk in Gebied 13? -- Ja, ek sou daar verby gegaan het

tot/...

tot heel onder daar waar ek dan afdraai in gebied 12 in.

So, u sou by die Anglikaanse Kerk verbygegaan het en dan van die teerpad af gegaan het in gebied 12 in? -- Ja en dan direk stap na Small Farms toe.

Sou u dan geloop het reg deur gebied 12 of sou u weer by gebied 12 uitgegaan het tot daar waar u gebied 12 oorspronklik ingekom het? -- Ja, indien ek op soek was na die kortste pad sou ek daar weer afgedraai het en dieselfde pad gevolg het wat ek vroeër gevolg het.

Sou die kortste pad terug na u huis gewees het die pad wat u oorspronklik die oggend geneem het om by die poskantoor te kom? -- Ja, dit is wat ek sê.

MNR. JACOBS : Jy sê wat in werklikheid die dag gebeur het, jy het die stillerigste pad uitgesoek waarmee jy dan teruggegaan het? -- Ja.

Stillerig van wat? Wat bedoel jy met 'n stillerige pad? -- Stillerig in die sin dat die polisie nie daar betrokke is nie.

Die polisie was nou betrokke waar hulle julle uitmekaar gejaag het? -- Ja, maar dit was nie die laaste plek waar die polisie teenwoordig was nie. Die polisie was orals na dit, waar hulle orals beweeg het.

Waar het die polisie nog opgetree wat jy waargeneem het? -- Dit is nou behalwe by daardie punt waar hulle ons uitmekaar gejaag het?

Ja, want as ek jou getuienis reg verstaan het jy geskuil totdat dit stil geword het en toe was dit veilig vir jou om te loop, daar is niks nie, waar het jy toe weer die polisie teëgekom dat hulle optree? -- Ek sal u sê, toe ek daar uit is, het ek opgemerk dat die polisievoertuie in hierdie pad

heen/...

heen en weer gery het en daar was ook polisiebeamptes in daardie omgewing. Met die gevolg dat ek besluit het om die pad te gebruik wat eintlik deur die gebied self gaan. Ek het daar by plekke deur geloop om by die huis veilig te kom. Nie dat ek van plan was om nog ŉ korter pad te kan kry nie.

Toe die polisie daar heen en weer beweeg het, is dit op die pad wat loop tussen Houtkop en die depot, daardie een waarop die mars uiteen gejaag is of op watter paaie het hulle beweeg? -- Nee, die polisievoertuie het op al die hoofpaaie heen en weer gery.

Toe u by die opmars aangesluit het, was u en u twee vriende saam gewees, mnr. Tau en mnr. Ncube? -- Ja, ons het bymekaar by een punt by die optog aangesluit.

Aldrie van julle in die middel van die optog? -- Ja, dit is die waarheid.

Het julle aldrie saam weggehardloop ook? -- Toe ons by die optog aansluit was ons by dieselfde punt gewees, maar in die loop van die tyd terwyl ons in die optog was, het ons nou nie geweet wie waar was nie, van die drie van ons, maar toe die optog uiteen gejaag is, het elkeen sy eie pad gevat.

Ek verstaan nou nie julle getuienis as julle drie saam aansluit by die optog, hoe weet julle dan nie waar elkeen is nie? -- Nee, wat ek sê is, ons het gelyktydig aangesluit by die optog, maar ons het toe nie mekaar se hande vasgehou om bymekaar te bly nie. Mense het posisies verander vanwaar hulle ingekom het. Dus sal ek nie kan sê wie waar was nie.

Het jy jou posisie verander waar jy aangesluit het daar in die optog gedurende die opmars tot waar julle gestop is? -- Ek het aangehou stap tot op die plek waar ek oorspronklik was. Ek het net besef dat ek nou nie my vriende daar naby

my/...

my sien nie.

Het julle mekaar weer ontmoet op pad terug na die huis toe nadat jy geskuil het of terwyl jy geskuil het? -- Nee, ons het mekaar nie weer ontmoet nie.

Voordat julle nou by die poskantoor gekom het, het julle by die Anglikaanse kerk aangesluit by die pad wat loop tussen die depot en Houtkop of was dit op 'n ander plek?

HOF : U spring vreeslik rond. U moet asseblief die getuie verplaas in tyd sodat ons nou weer kan optel. Dit is by die begin voordat julle by die optog was, op pad na die optog toe.

MNR. JACOBS : Op pad na die poskantoor toe.

HOF : Nou wat wil u weet?

MNR. JACOBS : Het julle enigsins by die Anglikaanse kerk in gebied 13 uitgekom of nie? -- Op pad na die optog toe?

Ja? -- Na ons in die optog gekom het en deelgeneem het daaraan, is ons eers by die kerk verby.

Ken jy die organisasie die VCA in die Vaal? -- Ja, ek ken die organisasie.

Ken jy mnr. Esau Raditsela wat die vise-voorsitter daarvan was? -- Nee, ek ken hom nie.

Ken jy enige van die beskuldigdes voor die hof? -- Ja.

Wie ken jy? -- Mphuthi.

HOF : Beskuldigde nr.?

MNR. JACOBS : Ek dink dit is beskuldigde nr. 7.

HOF : Wel, u moet seker wees. Dit kom op rekord.

MNR. JACOBS : Wys hom net vir ons uit? -- Nee, nie net hy nie. Ek ken die een langs hom ook. (Getuie wys beskuldigdes uit)

HOF : Beskuldigde nr. 6.

MNR. JACOBS/...

MNR. JACOBS : Beskuldigde nr. 7 is mnr. Mphuthi. Het jy mnr. Mphuthi op daardie optog gesien?

HOF : Is dit al beskuldigdes wat u ken? U moet na die drie voorstes ook kyk. -- Daar is van die beskuldigdes wat ek net van sien ken.

Wys hulle maar net uit? -- Die vierde persoon vanaf my linkerhand as ek na die beskuldigdes kyk se gesig is aan my bekend.

Beskuldigde nr. 8. -- Nee, die res ken ek nie.

MNR. JACOBS : Op 3 September en waar jy by die poskantoor verby gekom het voordat jy aangesluit het en totdat jy aangesluit het en daarna op 3 September, het jy enige van beskuldigdes nrs. 6, 7 of 8 daar gesien? -- Nee.

Het jy nie een van hierdie persone gesien wat miskien leiers was van hierdie opmars en wat heel voor voor die plakkaatdraers geloop het nie? -- Nee, ek het hulle nie gesien nie. Ek weet nie of hulle daar was nie, maar ekself het hulle nie gesien nie. As hulle daar was, sou ek hulle gesien het.

Daar by die poskantoor toe die opmars daar gekom het, het jy opgemerk wou mense op 'n stadium die poskantoor beskadig het. Van die mense wat in die optog was het uitgekom en gekeer dat hulle dit nie doen nie? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

Op daardie stadium toe die optog daar om beweeg het, was jy direk by die poskantoor gewees of was jy in die straat oorkant die poskantoor? -- Ek was oorkant die straat.

Was jou twee vriende ook saam met jou oorkant die straat? --Ja, ons het bymekaar daar gestaan.

Was u ontevrede met die verhoogde hure? -- Dit is juis die rede hoekom ek daar was omdat ek ontevrede was, dat

ek/...

ek besluit het om deel te neem.

Was u ook ontevrede met die raadslede? -- As gevolg van wat hulle gedoen het, was ek nie tevrede nie.

Het jy ook gevoel dat hulle moet nie meer op die rade dien nie? -- Dit is die waarheid.

En gevoel dat daar moet van hulle ontslae geraak word op die rade? -- Definitief, ja.

Jy het kennis gedra dat die VCA op verskillende plekke en verskillende geleenthede vergaderings gereël het in die woongebiede? -- Nee.

Was dit geheime vergaderings? Was daar nie advertensies van vergaderings nie? -- Hoe adverteer? Dat hulle rondgery het miskien in die woonbuurt en mense in kennis gestel het van hierdie vergadering wat gehou gaan word? As dit die geval is, het ek dit nog nie gehoor dat dit gedoen is nie.

Wel, die vergadering van 26 Augustus, was dit nie daar in die woonbuurtes geadverteer met ʼn luidspreker nie? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

Was daar nie plakkate uitgegee in daardie gebied om aan te kondig dat daar sal ʼn inwoners, ʼn "residents" vergadering wees nie?

HOF : Plakkate word gewoonlik nie uitgegee nie, maar opgestel?

MNR. JACOBS : Ek bedoel pamflette, kennisgewings? -- Nee.

Het die mense daar nie gepraat van die vergaderings wat gehou gaan word oor die huurverhogings nie? -- Watter vergaderings? Die gemeenskap het daar in die woonbuurtes gepraat.

Van die vergadering van 26 Augustus?

HOF : Vooraf of agterna? Wat wil u weet?

MNR. JACOBS : Vooraf? -- Nee, ek kan nie daaroor getuig nie, want ek het dit nie gehoor nie.

Het u enige kennis gedra van 'n vergadering wat gehou was op 25 Augustus 1984 ook in Sebokeng? -- Nee.

So, jy het niks geweet van enige vergaderings wat gehou word in Sebokeng ten aansien van huurverhogings nie? -- Ek het niks geweet van die hou van die vergaderings nie, behalwe een vergadering waarvan ek geweet het wat by die Roomse perseel gehou was op die 26ste.

Wanneer het jy daarvan kennis gekry? -- Dit was in dieselfde maand gewees wat ek daarvan bewus geword het dat daar 'n vergadering gehou was en na aanleiding van daardie vergadering, het ek toe gehoor dat daar 'n optog gehou gaan word.

26 Augustus 1984 was jy nie by die kerk gewees nie? -- Ek was.

Was jy bewus daarvan dat daar op daardie dag, 26 Augustus, twee vergaderings gehou was in die kerk te Small Farms? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

Het jy nie gesien dat die mense is daar in die kerksaal besig met vergadering hou nie? -- Ek kan nie op die huidige oomblik onthou of ek wel gesien het dat daar vergadering gehou was in daardie saal nie. Wat ek wel kan sê is dat een van ons kerkgemeentelede het my kom sê dat daar 'n vergadering gehou was.

Jy sien, ek wil dit aan jou stel dat u is nie heeltemal eerlik met hierdie hof nie. In die eerste instansie, wil ek aan u stel, die roete wat u sou geneem het die oggend om gou-gou en haastig by die poskantoor uit te kom, is 'n groot omdraai en nie die direkte roete nie? -- Nee, ek stem nie

daarmee/...

daarmee saam dat dit 'n ompad is nie, want die rede daarvoor is , as ek die pad moet volg soos u dit beskryf het, dat ek agter die optog moes gestap het, dan sou dit verder gewees het as die pad wat ek gevat het daarvandaan na die poskantoor toe.

Ek wil dit ook aan u stel dat dit 'n opgemaakte storie is wat jy sê dat julle agterna so 'n ompad geneem het om by die poskantoor uit te kom? -- Ek weet nie, dit is u siening, maar ek sê dit is die pad wat ek gebruik het.

En ek wil dit aan u stel dat dit kan 'n rede wees hoekom u dit so doen omdat u nie 'n verduideliking kan gee vir die hof vir dinge wat plaasgevind het in gebied 12 as u 'n kortpad geloop het nie? -- Ek volg nou nie.

En ek wil dit verder aan u stel dan ook dat daar was menslike optredes gewees in gebied 12 oor daardie tydperk waar u probeer om weg te kom dat u nie daaroor 'n verduideliking hoef te gee nie. Optrede deur groepe mense.

HOF : Wat is die stelling?

MNR. JACOBS : Dat daar in gebied 12 ongeveer hierso van 10h00 af aktiwiteite was deur groepe mense en waarvan jy probeer wegkom het?

HOF : Dit kan beteken 'n paar seuns het sokker gespeel in die straat. Wat beteken dit nou?

MNR. JACOBS : Ek sal dit dan so stel dat daar aktiwiteite was waar mense opgetree het in groepe teen raadsgeboue en teen raadslede se huise? -- Ek weet nie daarvan nie.

Is dit nie so nie dat u saam met hierdie optog beweeg het en dat daar wel dinge by die huis van raadslid Caeser Motjeane gebeur het en dat daardie huis aangeval is deur mense uit hierdie optog wat vanaf die kerk vertrek het

daardie/...

daardie dag? -- Ek weet nie. Ek het nie eers 'n kennis daarvan dat dit wel so gebeur het nie.

RE-EXAMINATION BY MR BIZOS : Mr Mokate, if one were to walk from the Roman Catholic Church Small Farms to the post office, whatever route one may take, is it uphill or downhill getting from the church to the post office? -- It is an uphill.

Where would the incline have been greater? If you had followed the road which you suppose the march took straight up or the way that you went? -- I will describe it in this way. The direction which was taken by the march is an uphill for a distance and then again you find that it is a downhill slightly and again begins to be more of an uphill compared to the previous portion.

And the route that you followed? -- It is quite steep inclining immediately one reaches the vicinity of zone 12.

But for the rest of the route? -- Before that point the road is even there through the open veld until you reach that point I have just described.

I have no further questions, My Lord, but there is a directive which we would like to seek.

COURT : Well, let us then complete this witness first.

MR BIZOS : Before the adjournment, because I may have to take certain instructions during the adjournment.

NO FURTHER QUESTIONS.

WITNESS IS EXCUSED ON EXACTLY THE SAME TERMS AS THE PREVIOUS WITNESSES.

MR BIZOS : My Lord, before calling the next witness, I want to raise the question of the conditions of bail of certain of the accused that are out on bail. We have had a reasonably good relationship up to now, up to yesterday

afternoon/...

afternoon with the investigating officers to whom we went and asked for permission and as Your Lordship has seen from time to time we were able to come with their consent. Apparently this has now broken down. We are told on the instructions of our learned friend Mr Jacobs, who says that they must not give consent except in matters of dire necessity. These are my instructions. Certain of the accused were hoping that during the course of the adjournment leave would be granted to them for various purposes. Unfortunately we were given this blank refusal yesterday, late yesterday afternoon. We do not know how to handle it. I understand that Mr Jacobs's attitude now is that the matter should be placed before Your Lordship. What we would like a directive on is this, whether Your Lordship wants to deal with it, whether we can make ex parte statements or whether we have to lead evidence or whether Your Lordship wants to deal with it today or whether Your Lordship wants to leave us to come to the duty judge whenever the question may arise during the adjournment.

COURT : Well, as you know the conditions of bail were mentioned to be stringent. Had they not been stringent, there would not have been bail at all. So, that is point number one. Leniency was granted in the sense that if you could agree with the police to lift the stringent conditions for certain purposes, then that is as far as the court is concerned in order. This court is not going to sit and debate every time that somebody wants to visit his mother. I am just not going to do that and my conditions stand. I do not think you can approach any other court for a change of bail conditions. So, you have to agree with Mr Jacobs

and you have to agree with the police and I suggest that you do that. As far as the police and Mr Jacobs are concerned, I suggest that they afford you all leniency that can be afforded in the circumstances, but the main purpose of the stringent conditions of bail has to be borne in mind and that is to keep the accused from the Sebokeng area.

COURT ADJOURNS. COURT RESUMES.

MALETSANE PETER DLAMINI, d.s.s. (Through interpreter)

EXAMINATION BY MR BIZOS : Are you a 34 year old boilermaker residing at 54/4 Small Farms? -- Yes, that is so.

You are married? -- Yes, I am.

Have children? -- Yes, I do.

Are you employed by Messrs. Carborundum? -- Yes.

Were you in employment of this firm in 1984? -- Yes, I was.

COURT : Is that in Vereeniging? -- Yes.

MR BIZOS : During 1984 did you hear whether or not there was going to a march? -- Yes.

Did you decide to go and take part on that march? -- Yes, that is so.

Why? -- It is because I also did not agree with the increase on the rent.

When was this march to be? -- The Monday.

Do you remember the date? -- 3 September, yes.

Did you hear where it was going to start from? -- Yes, I did.

Where? -- Roman Catholic Church, Small Farms.

How far is that away more or less from the place where you live? -- Not very far.

Did you walk to the Roman Catholic Church on the

morning/...

morning of 3 September 1984? -- Yes.

On your way did you see any property being destroyed or burnt or any vehicles being destroyed or burnt or any other unlawful act being committed along the way? -- No.

COURT : Could you just tell me, do you live to the south of Selbourne Road? -- The western side.

Selbourne Road runs east/west? -- Yes.

Do you live to the south of that road or to the north of that road? -- I can say it is on the southern side.

You live to the west of the church? -- Yes.

And did you walk along Selbourne Road to the church or did you walk through Small Farms to the church? -- I went through the open veld.

There is open veld on the western and southern sides of the church. Is that the open veld that you are talking of? -- Yes, from where I live I went through that open veld towards the east. The direction is leading me to the church.

You did not walk on Selbourne Road? -- No.

MR BIZOS : At what time did you get to the church on Monday morning? -- At about 08h45.

Did you go into any building? -- Yes, I went into a building.

What happened when you were in the building? -- There was some singing going on in that building. At some stage there was a talk which talk was an address as to how to go about on our way in the march to Houtkop.

Did anyone that spoke whilst you were in that building say that councillors' property must be destroyed? -- No.

Did anybody say that the councillors must be killed? -- No.

Did anybody say that public property, communal property

such/...

such as of the board or of the Lekoa town Council should be destroyed? -- No.

Did anyone say that the property of the bus company operating the buses in that area should be destroyed? -- No.

Was any violence of any nature whatsoever advocated in that building whilst you were inside? -- No.

Did you come out of the building? -- Yes.

Did anyone speak to any people outside the building? -- Yes.

COURT : One person or more than one person? -- Two of them.

MR BIZOS : Did anyone of those persons who spoke outside advocate violence of whatever nature against anybody or anything? -- No.

Was anyone busy organising the march? -- Yes, quite a number of people were busy with that.

COURT : What do you mean by organising the march? -- They were sort of arranging the people on the march as to how to move and they must not spread all over the place.

Were they setting them up in procession? -- Yes.

MR BIZOS : Did you know where the march was heading for? -- Yes, I knew.

To where? -- To Houtkop.

And what was the purpose of the march? -- To go and speak about the increased rent.

Either as a result of what you had heard inside the building that you were in or outside the building or anything else that you heard from anyone else, did you believe that you were going to commit an unlawful act by joining that march? -- No.

Did you join the march? -- Yes.

Did the march leave the church premises and go onto the tarred road? -- Yes.

Did you see any obstructions either at that stage or any other stage on the road on which you were marching? -- No, I did not.

Was any property belonging to the bus company destroyed as the march was proceeding along towards Houtkop? -- No.

Do you know where there is a turn-off some distance on the Houtkop side of BP Garage - whether there is a turn to the right there, a slight turn to the right? -- Yes, I do.

Did you know at that stage whether or not the house of the late Caeser Motjeane was near that intersection that turned to the right towards Houtkop? -- No.

Did the march continue on the tarred road or did it go up an untarred lane? -- No.

Did it continue on the road or did it - well, let me put it this way. Did it go up the lane? -- No, the march proceeded on the tarred road.

Was there any delay or any disorder on the march at or near that turn to the right? -- No.

What position were you in in the march? -- I was more to the back of the march, just from the middle.

COURT : Could we divide the march into quarters. In which quarter were you? -- In the third quarter.

MR BIZOS : Do you know whether any group of people joined the march at that turn-off after the BP Garage? -- Yes, I am aware of that taking place, but it was further down, not at this point where the road turns off.

COURT : What do you mean further down, because the road

was going uphill? -- By that I mean they joined the march just before the point where the road turns.

MR BIZOS : How big or small was this group?

COURT : Could I just put a question here before we get to this group. Is there anything relating to the bus services in the vicinity of this so-called turn of the road? -- Yes, it is a stop.

Has it got a name? -- Yes, Fowler.

Is the bend in the road beyond Fowler? -- After Fowler bus stop, then you find the bend.

In relation to Fowler bus stop, where did this group join? -- Before we reached the Fowler bus stop.

Before the front of the march reached Fowler bus stop? -- Yes.

What happened? -- What happened is, at the time of these people joining on the march, this march of ours slowed its pace. Immediately after they had joined it again regained its pace at which it was moving and followed the tarred road.

MR BIZOS : How big was the group that joined? -- Hundred plus is my estimation.

The march that you joined at Small Farms, did that have placards? -- Yes, it had placards.

And the people that joined, did they have placards? -- Yes, they had placards.

Did you get an opportunity to see the placards either of the march that you joined or the group that joined your march? -- I did not get the opportunity of seeing the placards of the group which joined our march, but the placards carried by the people on our march, those I did see.

What did they say? -- These were singing the rent was

to be decreased and the councillors are to resign and we do not have money.

Did any placard that you saw advocate any sort of violence against either the councillors or their property? -- No, there was none. If there was any of that kind, I would not have joined the march.

After the turn was taken, did the march proceed towards the post office? -- Yes.

Were there any obstructions on the road on which you were marching? -- No.

Did you see anyone destroying or attempting to destroy the post office? -- No.

Do you know where Hunters Garage is? -- Yes, I do.

Did you reach Hunters Garage? -- Yes, I did.

After you reached Hunters Garage, what happened? -- It was at the vicinity of Hunters Garage when the march decreased the pace. We were not aware that the march had already stopped. That is the front of the march, until we bumped against one another at that point. It is only then that I became aware that the march had stopped and the police were in front of the march.

MR BIZOS : Where were the police in relation to Hunters Garage? -- Further on. Some distance away from Hunters Garage.

That is beyond Hunters Garage? -- Beyond the point of Hunters Garage.

And what happened then? -- I then thereafter heard guns, that is the noise from guns, as a result of which then the march dispersed and there was teargas as well.

And what happened then? -- I ran into a certain house

there where I remained for about 30 minutes.

COURT : Were you affected? -- Yes, my eyes were affected by the teargas.

K1061 MR BIZOS : What did you do after that? -- I then went home which is in Small Farms.

On your way home, did you see any violent acts being committed anywhere along the way? -- No, I did not. I only noticed the Indian shops when I came into Small Farms that those shops were burning.

COURT : Are those the Indian shops that lie on the border between Small Farms and zone 8? -- Yes.

On the way there, did you see no signs that violence had been committed? -- I noticed one thing on my way. That was at a stop in zone 11, that the dustbins were in the road.

At a stop sign or stop street? -- At the bus stop.

Could I just get some clarity on this. Does the bus run into zone 11 or does the bus merely go along the boundary of zone 11? -- It runs on the boundary between zones 11 and 12.

Did you see the dustbins in the road between the bend of which we have been speaking and the post office or beyond the bend towards your house? -- No, not beyond that point. Just before that point where I noticed the dustbins.

That is between the post office and the bend? -- Yes.

MR BIZOS : Before you heard shots being fired and teargas being used, did you hear any order to disperse from any police officer? -- No.

Thank you, no further questions.

HOF : Hoeveel tyd het u nodig, mnr. Jacobs?

MNR. JACOBS : Ek het nie geweet dit gaan hier oor die opmars nie. Ek het sekere dinge wat ek sal moet navors, wat ek

na/...

na sal moet kyk. Ek kon nie geweet het dat hier gaan vandag getuienis oor die opmars op hierdie aspek ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ons het mos getuies gehad oor die opmars in elk geval. Ons het al drie gehad.

MNR. JACOBS : Ek bedoel nou by die kerk se gedeelte. Daardie notas van my het ek nie hier nie. Ek sal aan kan gaan op hierdie stadium met sekere aspekte.

HOF : Ek wil nie hê u moet aangaan met die getuie en hom dan halfpad onderbreek nie. Dit is nie billik teenoor die getuie nie.

MNR. JACOBS : Dan is ek bevrees, ek sal sekerlik dit nie kan klaar maak alles wat ek aan hom wil stel tot 13h00 toe nie. Dit is dan miskien die beste dat ons liewers verdaag, want soos ek sê ek het nie geweet dat ons sal die kerk by Small Farms behandel nie.

COURT : Will you tell the witness that it is not fair that he be-cross-examined now as the cross-examination would not be completed and this court is going into recess until 18 January, which is a Monday. On that day we resume at 10h00 in this court and he has to be here an hour in advance. That is at 09h00. I am sorry that we cannot complete you today.

WITNESS STANDS DOWN.

MR BIZOS : There is agreement to the alteration of conditions of reporting of accused no. 5 and accused no. 13. I have them written out.

AMENDMENT OF BAIL CONDITIONS IN RESPECT OF ACCUSED NOS. 5 AND 13

(Sent for revision)

**DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989**


## *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**



## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.


## *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I2-27-325**
*Document Title:-* **Vol 325 p 18584-18609. Witnesses: Mokate and Dlamini**